



Madiba se Gunsteling

Die Slim Slangbekoorder



Van Marokko kom hierdie vermaaklike storie oor 'n slim slangbekoorder wat weet hoe om kanse te vat. Weereens is daar drie raaisels wat beantwoord moet word.



Sultan Jadi – mag seëninge oor hom wees – was baie verveeld in sy paleis. Hy het dus sy sitar speler Mohammed geroep.



Vir 'n paar dae het hy plesier gehad om na die sitaris te luister, en hy het selfs weer begin lag en grappies maak.



Maar dit was nie lank nie en hy was moeg vir die sitaris en het die ongelukkige kêrel se kop laat afkap.




Toe roep hy vir Josef, sy harpspeler.




Maar dit was nie lank nie of die musiek van die harp was net 'n skraap in sy ore en hy het die harpspeler se kop ook afgekap.



Baie meer manne het die sultan kom vermaak en hom opgebeur, maar elke keer was hy net vir 'n kort rukkie tevrede. Dan het hy onrustig en kwaad geword en sy soldate geroep om hulle weg te sleep en te laat onthoof.



Baie meer manne het die sultan kom vermaak en hom opgebeur, maar elke keer was hy net vir 'n kort rukkie tevrede. Dan het hy onrustig en kwaad geword en sy soldate geroep om hulle weg te sleep en te laat onthoof.



Die situasie het so erg geword dat almal in die stad gesit en bewe het. Elkeen het gewonder of hy die volgende sou wees wat na die sultan se paleis geroep sou word, net om 'n paar dae later deur die swaard te sterf.




Gou het almal gevlug: die storievertellers, die musikante, die dansers, die jongleurs. Almal het die stad verlaat waar die magtige sultan gewoon het.



Maar een oggend het Selham, die slangbekoorder, by die paleis aangekom en moedig aangekondig dat hy 'n kans wil hê om die sultan te vermaak.




Hulle het hom na die sultan gebring en die sultan het hom geïnteresseerd aangekyk, hierdie man wat sy fluit gespeel het met die slange wat uit sy sak gegly het en hulself om sy bene en nek gedraai het.



Maar dit was nie te lank nie of die sultan was weer verveeld en geïrriteerd. Hy voel nie meer lus om die fluitspeler met sy slange dop te hou nie.



Daardie aand, toe Selham sy fluit en sy slange optel om te vertrek, het die sultan gesê: “My vriend, ek het genoeg gehad van jou fluitspel en jou slange. Ek sal my dienaar beveel om jou kop met die swaard af te kap.”




“My Meester,” het Selham gesê, “soos jy sê, so moet dit wees. Maar gee my een kans. As jy my 'n kans gee, sal dit die moeite werd wees.”



"Uitstekend," het die sultan gesê. "Ek sal dit met graagte doen. Maar jy moet jou kans verdien. Jy sal 'n kans hê, as jy môre, wanneer jy hier by die paleis aankom, terselfdertyd 'n ruiter en voetganger kan wees. Dit is my bevel. Diegene wat nie my bevel gehoorsaam nie, gaan deur die swaard sterf."

Selham het gebuig en vertrek.



Vroeg die volgende oggend het die sultan op die terras voor sy paleis gestaan om na die slangbekoorder se aankoms te kyk. Toe die paleishekke oopgaan, het die sultan se oë amper uit sy kop gespring en hy kon nie 'n woord uiter nie.



Daar het Selham deur die hekke gekom op die rug van die kleinste donkie wat die sultan nog ooit gesien het. Die donkie was so klein dat Selham se voete die grond geraak het!




Toe hy na die sultan kom ry hy op die donkie, maar terselfdertyd loop hy.




“Baie goed,” het die sultan gesê. “Jy het gedoen wat jy moet doen. Maar jy is nog nie heeltemal klaar nie. As jy nie wil hê ek moet jou aan die man met die swaard oorgee nie, moet jy drie vrae beantwoord.

Hier is die eerste: hoeveel sterre is daar in die hemele?”



“My Meester,” antwoord die slangbekoorder, “daar is net soveel sterre in die hemel, soos daar hare op my donkie is, behalwe dié op sy stert. Jy kan hulle vir jouself tel.”



“Baie goed,” het die sultan gesê. “Sê nou vir my: Op watter deel van die aarde is ons?”



“In die middel.”



Die sultan het gelag en gevra: "Hoeveel hare is daar in my
baard?"




“Net soveel soos op die stert van my donkie. Sny jou baard af en ek sal my donkie se stert af sny. Dan kan ons saam tel.”



Uiteindelik het die sultan geantwoord: “Nee, jy is te slim.
Daar is geen vrae wat jy nie kan beantwoord nie.”

Hy het vir een van sy howelinge beduie en hom gestuur om
iets te gaan haal.



Die man het teruggekóm en 'n sak goud in Selham se hande gedruk. Die slangbekoorder het diep voor die sultan gebuig en buite na sy donkie gestap.



Weereens het die sultan op sy terras gegaan om te kyk hoe die slim man by die hekke van sy paleis uitry – maar terselfdertyd stap.



Ja, Selham het op die kleinste donkie vertrek wat die sultan nog ooit gesien het.





THINK
DIGITAL ACADEMY

